







## SAIKEI - MINIATUUR LANDSKAPPE

Charles Ceronio en Barry Fourie

Saikei is miniatuur landskappe wat in vlak houers geplant word om natuurtonele voor te stel - miskien 'n bosveldtoneel in die Waterberg, 'n droë kremetartveld agter die Soutpansberg, 'n riviergebied, 'n waterval in die berge, 'n boomryke gebied naby die see, of 'n bladwisselende woud met paadjies en stroompies. Hierdie kunsvorm vervul by veral die stedelike bonsai-kweker die behoefte om daardie besondere natuurtonele wat op hom of haar die grootste indruk gemaak het, soos byvoorbeeld in skilderye, deur lewende materiaal voor te stel.

Aanduidings bestaan dat saikei reeds eeue gelede in China beoefen is. Dit het egter in onbruik verval en is eers taamlik onlangs weer deur Toshio Kawamoto, 'n Japanese bonsai meester, herontdek. Kawamoto het 'n saikei-skool ingestel en vandag is miniatuur landskappe baie gewild in Japan en ook etlike ander lande.

Saikei verskil van bonsai daarin dat die boompies nie so opvallend gestileerd is nie en dat klippe, gruis, grond en ondersteunende plante so geranskik word dat natuurtoneeltjies geskep word. By bonsai is die boom belankrik en niks binne of buite die houer mag daarmee kompeteer nie. By saikei is die teenoorgestelde eerder waar - bome, klippe en verskeie tipes grond word só saamgevoeg dat dit 'n harmonieuse geheel vorm. Wanneer objekte soos huisies en figuurtjies ook gebruik word, word van bonkei eerder as saikei gepraat. In alle ander opsigte stem saikei met bonsai ooreen, dws kultivering, vorming en versorging van die landskappe is dieselfde as vir bonsai. Al die basiese style soos formeel regopstyl, skuinsstyl, hangstyl, rotsplanting en woudplanting word gebruik.

Gewoonlik word twee- tot driejaar oue bonsaiplante gebruik en wanneer hulle later te groot gegroei het, kan hulle maklik verplant en verder as enkel-bonsai ontwikkel word.

Ten spyte van wat bo gesê is, bestaan daar weinig voorskrifte vir die skep van saikei, gevolglik kan mens na hartelus eksperimenteer en jou eie skeppende vermoëns op die proef stel. Die reëls vir bonsai-groepaanplantings kan egter in gedagte gehou word. In 'n toneel waar 'n kloof in 'n berg voorgestel word, sal die hoofbome op die voorgrond geplaas word, dws. die illusie word geskep dat die waarnemer op die rand van die ravine staan met die groot bome vlak by hom terwyl die kloof voor hom uitstrek. Dieselfde beginsel geld vir 'n oop landskap met berge of rante in die agtergrond.

'n Verdere verskil tussen bonsai en saikei is dat by laasgenoemde